

# Die grootste probleem van jongmense: Obsessiewe vergelyking

*Everything that God does to His people is all love. Sometimes the love is a little disguised, but the love is always there. –C.H. Spurgeon*

## Die grootste probleem van jongmense: Obsessiewe vergelyking

'n Obsessiewe vergelykingsteurnis is die verpligting om ons gedurig met ander te vergelyk. Dit lei tot ongewenste gedagtes en gevoelens wat ons dryf tot teneergedruktheid, angs en ongelukkigheid. Vergelyking het begin toe sonde begin het. Die eerste moord in die Bybel was 'n neweproduk van vergelyking. Twee broers bring 'n offer vir God. God aanvaar Abel se offer, maar nie dié van Kain nie.

Die gevolg is dat Kain vir Abel vermoor.

Tydens Jesus se maaltyd vertel Hy vir hulle skokkende nuus: een van hulle gaan Hom verrai. Wat doen hulle? Hulle begin 'n argument oor wie van hulle die grootste dissipel is (Lukas 22). Vergelyking was nog altyd daar, maar nou het die Internet en sosiale media hierdie probleem vererger. Ons het nou die vermoë om ons met enigeen te vergelyk.

Maar hierdie steurnis het sekere newe-effekte. Dit is dié oorsaak dat mense goed koop wat hulle nie nodig het nie. Ons vergelyk ons met ons vriende op Facebook. Hierdie steurnis neem God se ontwerp vir ons lewens en verwing dit – dit konsentreer op al die dinge wat jy nie het nie in plaas daarvan om op dit wat jy doen te konsentreer. Hierdie steurnis isoleer ons. Hoe dikwels hoor ons nie: “Ek is so eensaam” nie. Dit blokkeer eerlike, opregte gesprekke. Kwesbaarheid en opregtheid gaan nie saam as ons ons beeld op Facebook aanpas om beter te lyk nie. Ons verbind met mense oor die stryd waarvan ons deel is.

Wat kan ons doen om ons van obsessiewe vergelykingsteurnis te genees?

### 1. Minder tyd aan TV en op sosiale media

Sosiale media en die TV kan jou steurnis net vererger, want jy gebruik al jou energie om *cool* te lyk. Ons moet probeer om dinge wat ons angstig maak te vermy. Die steurnis verslind jou energie, kreatiwiteit en vrede – drie bestanddele wat jy nodig het om goed te kan lewe. Ons fokus moet na vore wees. Sou dit nie wonderlik wees as ons al die energie wat ons mors deur ons met ander te vergelyk, kan gebruik om ons eie lewe te leef.

### 2. Vier dit wat jy doen

Moenie ‘n obsessie hê met dit wat jy nie doen nie. Ons moet vier op die skip waarop ons seil in plaas daarvan om te verdrink omdat jy in ‘n ander se water wil swem.

### 3. Behou en verfyn jou eie sous

Behou en verfyn jou eie sous – daardie unieke geur wat jy na die wêreld bring wat niemand anders kan doen nie. God is die Meester vakman. Hy het jou gemaak met 'n unieke mengsel van bestanddele. Hoe meer jy dit wat jy geskep is om te doen, verfyn, hoe meer kan jy dit wat ander doen, vier.

*“If you are humble nothing will touch you, neither praise nor disgrace, because you know what you are.”* (Moeder Teresa)